

LESPLAN

LEERPROGRAM: GELETTERDHEID

GRAAD 1
TYDSDUUR:

KONTEKS - DIT IS EK
11 WEKE

GESELEKTEERDE LU'S & ASS	LEERAKTIVITEITE	HULPMIDDELS
<p>FAT 1,2,3</p> <p>HUISTAAL LU 1 LUISTER</p> <p>ASS 1: Luister aandagtig na instruksies en aankondigings en reageer daarvolgens</p> <p>ASS 2: Demonstreer gepaste luister gedrag deur te luister sonder onderbreking en respek te toon teenoor die spreker, beurte te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te kry.</p> <p>ASS 3: Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture en toon begrip :</p> <p>ASS 3.1: Luister vir die hoof idee en</p>	<p>Leerders ontdek meer oor hul unieke liggaam</p> <p>Daaglikse Nuus (moet elke dag gedoen word)</p> <ul style="list-style-type: none">• Leerders stel hulself aan mekaar voor• Leerders vertel van hul naweek ervarings• Onderwyser bespreek die weerkaart: is dit warm/koud/gaan dit reën/wind?• Onderwyser bespreek verjaardag kaart. Wie verjaar vandag. Hoe oud is jy. Wie se verjaardag is in watter maand• Toilet roetine• Wys klasleiers weekliks aan <p>Aktiwiteite</p> <ul style="list-style-type: none">• Onderwyser vertel die storie (kies jou eie storie wat by die tema pas)• Rangskik die storie prente in die regte volgorde• Vertel weer die storie. Beklemtoon die	<p>Weerkaart</p> <p>Verjaardagkaart</p> <p>Pligtelys</p> <p>Storieboek</p>

<p>belangrike besonderhede in die storie.</p> <p>ASS 3.2: Dramatiseer dele uit 'n storie, liedjie of rympie.</p> <p>ASS 3.3: Neem deel aan koorspraak</p> <p>ASS 3.4: Teken 'n prent van die storie en skryf 'n paar woorde daaroor.</p> <p>ASS 3.5: Plaas prente in die regte volgorde en pas byskrifte by prent.</p> <p>ASS 3.6: Beantwoord vrae oor die storie</p> <p>ASS 3.7: Vertel die storie met gevoel.</p> <p>FAT 2.3 ASS 6: Ontwikkel klankbewustheid</p> <p>ASS .6.1: Onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde</p> <p>FAT 1 LU 2 : PRAAT</p> <p>ASS 1: Gesels oor eie ervaringe gevoelens en nuus.</p>	<p>liggaamsdele wat genoem word. Leerlinge wys en sê die liggaamsdele</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerders onderskei tussen lank en kort, vet en maer, klein en groot, ens • Bespreek die konsepte lank en kort, ens. Hulle kan ook leerders of voorwerpe gebruik om verskille uit te wys • Roep 3 of 5 leerders na vore op hul name. Leerlinge moet probeer om die name te onthou. Laat hulle die kortste en langste leerders uitwys. • Elke leerder is uniek. Bespreek die konsep. Maak dit duidelik dat daar baie verskille tussen hulle is. <p>SKRIF</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ruimtelike Oriëntering: onderwyser gee instuksies – leerders voer opdragte met hul hande en arms uit. (bo, onder) • Doen dieselfde met ander liggaamsdele bv. Onder jou ken, in die middle van jou kop, ens. • Leerling het eers gewys(bogenoemde), nou gaan hulle skryf: bv. Maak 'n kolletjie bo-aan die bladsy, in die middel van die bladsy, onderaan die bladsy , links bo , regs onder , ens • Hantering van vetkryt. Oefen die korrekte greep. • Letter formasie: Leerders skryf eers letter in die lug, let op begin punt en eindpunt. Leerders oefen die letter op die bord en later in die 	<p>Gepaste voorwerpe</p> <p>Leerlinge</p> <p>Liggaamsdele</p> <p>Skryfbord</p> <p>Werkboek</p> <p>Vetkryte</p>
--	---	--

<p>ASS 3: Sing, resiteer, mimeer en voer liedjies, gedigte en rympies op.</p> <p>FAT 4 ASS. 6: Vertel eie ervarings in volgorde oor.</p> <p>FAT 1 LU 3: Lees en Kyk</p> <p>ASS. 1 : Gebruik visuele leidrade om betekenis te gee.</p> <p>ASS 1.2: Gebruik illustrasies om betekenis van stories te interpreteer en vertel 'n storie.</p> <p>ASS 2: Rol-speel lees</p> <p>ASS 2.1: Hou die boek met die regte kant na bo.</p> <p>2.2 Blaai die bladsye op die regte manier om</p> <p>2.3 Kyk na woorde en prente</p> <p>2.4 Gebruik prente om idees te vorm</p> <p>FAT 4 ASS 4.2: Lees eie werk en die van klasmaats.</p>	<p>skrifboek/skryfboek.</p> <ul style="list-style-type: none"> Grootte: Leerders skryf eers kleinletters. Later word hoofletters bygevoeg. Onderwyser beklemtoon leerders se sit postuur en potloodgreep Op die stadium moet leerders ook kan onderskei tussen verskillende kleure bv. Tussen geel en rooi. Kleur letters in op 'n klankkaart, knip dit uit en bou bekende eenvoudige woordjies. <p>Spraakontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> Noem die liggaamsdele Klanknabootsing: Nek begin met 'n "n", tong begin met 'n "t" , arm begin met 'n "a" <p>Toevallige lees</p> <ul style="list-style-type: none"> Flitskaart met leerders se name op. Vra: wie se naam begin met "t" of "a" of "n". Gee leerdes 'n sterretjie op die voorkop. <p>Rympies en Stories</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees baie stories en rympies (ten minste een per dag) oor die uniekheid van elkeen <p>Meer nuusaktiwiteit:</p>	<p>Tydskrifte Klankkaarte</p> <p>Skêre</p> <p>Liggaamsdele</p> <p>Fitskaarte</p> <p>Sterretjies</p> <p>Stories, rympies</p>
--	---	---

<p>ASS 4.3: Gebruik klank- en woordherkenningsvaardighede om nuwe of onbekende woorde in konteks te sien.</p> <p>ASS 5. Ontwikkel klankbewustheid</p> <p>ASS 5.1: Herken die alfabet en sê dit op.</p> <p>ASS 5.2: Onderskei tussen klanke en letters</p> <p>FAT 4 ASS 5.10: Herkenning van sigwoorde</p> <p>LU 4: Skryf</p> <p>4.1 Skryf toenemend leesbaar</p> <p>4.1.1 Hanteer skryf instrumente soos kryt en potlode doeltreffend</p> <p>4.1.2 Oefen lettervorming en handskrif vaardighede, die trek van patrone, die natrek en naskryf van woorde.</p> <p>4.1.3 Vorm letters van die alfabet korrek</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Leerders sal hulself nou makliker kan voorstel aan ander leerders – name en vanne • Leerders vertel wat hulle die vorige dag gedoen het • Onderwyser vertel weer ‘n storie met klem op voor, agter, eerste, laaste, bo, onder ens. • Bespreek weer die uniekheid van elke leerders – wys liggaams gebreke uit – vertel leerders hoe dankbaar hulle moet wees vir gesonde liggame. <p>Skrif</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gee instruksies: Sit jou hand op jou kop, onder jou ken, in die middle van jou voorkop.(Hierdie oefeninge help vir handskrif ontwikkeling) • Skryf letters in die lug, skryf name in lug (kan op hul naamkaartjies kyk) – Kan later in boeke geskryf word. <p>Spraakontwikkeling:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerders noem die liggaamsdele, help hulle om die klankies te herken wat in die liggaamsdele genoem word. Laat leerders letters inkleur (onderwysers kan hier hul eie inisiatief gebruik) 	<p>Storie</p> <p>Naamkaarte</p> <p>Werkboeke</p> <p>Liggaamsdele</p> <p>Werkkaarte</p>
--	--	--

<p>LU 5: Dink en Redeneer</p> <p>5.1 : Ontwikkel konsepte</p> <p>5.1.1: Wys hoe kennis ontwikkel deur konsepte soos: hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd, ouderdom, volgorde</p> <p>5.2: D.m.v. taal: dink en redeneer</p> <p>5.2.2 Rangskik informasie</p> <p>5.2.3 Identifiseer dele van die geheel (soos bv. ,n fiets)</p> <p>5.2.4 Identifiseer ooreenkomste en verskille (soos: “net soos”, “dieselfde as”, “anders as”)</p> <p>LU 6: Taalstruktuur en – gebruik</p> <p>ASS 6.1: Bring klanke in verband met letters en woorde</p> <p>6.1.1 Gebruik klanke om woorde te lees en te spel.</p> <p>6.2. Werk met woorde</p> <p>6.2.2: Spel sommige bekende woorde korrek.</p> <p>6.2.3: Gebruik hoofletters om name te skryf.</p> <p>6.3 : Werk met sinne.</p>	<p>Lees:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Oog oefening: onderwyser trek denkbeeldige lyn van links tot regs met potlood in die lug- leerders volg die lyn met hul oë (vroeër jare het ons ‘n flitslig gebruik – leerders volg die lig van links na regs). • Lees en flits name van leerders. Leerders probeer dan om agterna wanneer jy dit flits, hul eie name te herken • Lees weer die flitskaart van die liggaamsdeel en gaan pas dit by die prent van die liggaamsdeel.(Kan menslike hulpbronne ook gebruik!!!) <p>Assessering:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die onderwyser noem die verskillende liggaamsdele en herhaal dit tot leerlinge die dele ken • Raak en noem drie liggaamsdele in n ry • Onderwyser wys na liggaamsdeel en leerders noem die liggaamsdeel • Gebruik nuwe woordeskat in die volgende sinne; Dit is my neus, ek kan met my neus. Dit is my tong, ek kan met my tong, ens. <p>Storietyd : “DROP ALL AND READ” MOET DAAGLIKS GEDOEN WORD</p>	<p>Potlood</p> <p>Flits</p> <p>Flitskaarte</p> <p>Liggaamsdele</p> <p>Rympies</p>
---	---	---

<p>6.3.1: Skryf eenvoudige sinne 6.3.2: Gebruik leestekens – hoofletters aan begin van sin, punt aan einde van sin.</p> <p>INTEGRASIE</p> <p>EERSTE ADDISIONELE TAAL</p> <p>LU 1 : Luister</p> <p>ASS. 1.1 Verstaan eenvoudige beskrywings. 1.3 Reageer fisies op eenvoudige mondelinge instruksies 1.4 Ontwikkel klank herkenning</p> <p>LU 3: Lees en Kyk</p> <p>ASS 3.1 Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep 3.1.1 Gebruik prente om stories te vertel 3.1.2 Pas woorde by prente</p> <p>FAT 2 & 3</p> <p>LU 4 : Skryf ASS 1.2 Oefen lettervorming en handskrifvaardighede, die trek van patrone, die natrek en naskryf van</p>	<p>Lees rympies en stories oor my liggaam</p> <p>Nuus</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerders vertel van dinge wat by die huis gebeur het of wat hulle oor die nuus gehoor het • Leerkrag bespreek die weerkaart • Leerkrag bespreek die verjaardagkaart • Toelet roetine (Bogenoemde punte wor daaglik gedoen) <p>Aktiwiteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Onderwyser vertel storie oor emosies • Noem die emosies wat in die storie voorkom • Leerders dramatiseer die storie met die hulp van die leerkrag <p>Skrif</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerlinge trek lyne van links na regs op n blanko vel • Leerlinge skryf eie name- beklemtoon die regte grootte van die letters <p>Mondeling en klanke</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerders noem emosies • Leerders vorm woorde wat end met die klank “t” bv. Kat, sit, mat, dit • Leerlinge kleur aktiwiteitsprente in of sny prente 	<p>Stories</p> <p>Weerkaart</p> <p>Verjaardagkaart</p> <p>Storie</p> <p>Blanko vel</p> <p>Potlode/vetkryte</p> <p>Tydskrifte</p>
---	---	--

<p>woorde</p> <p>ASS 1.3: Lettervorming van letters van die alfabet (Skrif)</p> <p>ASS 4.1: Skryf bekende woorde en kort sinne vanaf skryfbord (skrif)</p> <p>ASS.4.2 Gebruik eenvoudige bekende woorde om sinne te voltooi.</p> <p>SYFERVAARDIGHEID</p> <p>LU 1: Syferbewerkinge en verhoudings</p> <p>ASS 1.1: Tel tot tenminste 34. Gebruik alledaagse voorwerpe.</p> <p>LU 3: Ruimte en Vorms</p> <p>ASS. 3.6: Leerlinge volg instruksies om hulself in die klaskamer te plaas. Leerling moet ook 3 dimensionele voorwerpe in verhouding met mekaar kan plaas.</p> <p>LU 4: Meting</p> <p>ASS 4.5: Skat, meet, vergelyk en orden 3 dimentionele voorwerpe – gebruik handspane, voete (nie standaard meettoestelle nie)</p>	<p>uit tydskrifte – gebruik klankies wat leerlinge alreeds ken om die naam van die prent te bou</p> <p>Aktiwiteite (Hierdie aktiwiteite kan daagliks gedoen word)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vinger oefeninge: strek die vingers en maak n vuisie • Kyk hoe groot kan die vingers gestrek word en hoe klein kan die vuisie gemaak word - herhaal • Demonstreer elke keer die korrekte liggaamsposisie en potloodgreep <p>Woordbou</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik die verskil tussen n hoofletter en n kleinletter – gebruik leerders se name • Laat leerders flitskaarte van liggaamsdele lees • Laat leerders flitskaarte van emosies lees en pas dit by die gepaste gesig <p>Aktiwiteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Laat leerders in n kring staan, elkeen kry n kans om n emosie uit te beeld en te sê watter emosie dit is • Deur middel van mimiek beeld emosies uit – ek voel hartseer, ek voel trots, ek is kwaad, ek voel goed, ek wil huil, ek wil lag • Hersien liggaamsdele – laat leerders nou ander liggaamsdele noem wat nog nie in die klas 	<p>Skêre</p> <p>Potlode</p> <p>Flitskaarte</p> <p>Liggaamsdele</p>
--	--	--

<p>SOSIALE WETENSKAPPE (Geskiedenis)</p> <p>LU 2: Historiese kennis en begrip</p> <p>ASS 2.1.: Bespreek eie ervarings en die van ander mense – in die verlede sowel as die hede (kronologies en tydsverbonde) (Aardrykskunde)</p> <p>LU 1: Geografiese ondersoek</p> <p>ASS. 1.1: Dui aan rigting en posisie van voorwerpe in verhouding tot self (links, regs, voor agter)</p> <p>KUNS EN KULTUUR</p> <p>LU 1 : Skep, interpreteer en bied aan</p> <p>VISUELE KUNS ASS.1.1: Neem deel aan kreatiewe prosesse ASS.1.1.1: Leerders beeld hulle denke van hulle eie wêreld uit d.m.v. verskeie media bv. : Teken, kleiwerk, verfwerk , ens.</p>	<p>bespreek was nie, bv.enkels, elmboog, hakskeen, polsgewrig, agterkop, voorkop, skouer, kuite, vingerlitte (verreikings aktiwiteit)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Laat leerlinge sinne bou met bogenoemde liggaamsdele – gebruik enkel- en meervoudsvorme – maak seker dat leerders dit verstaan <p>Gedigjie, liedjies, staaltjies en rympies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bv. Twee klein ogies sien baie ver, een klein neusie kan baie goed ruik, een klein tongetjie proe al wat lekker is • Onderwyser moet genoeg liedjies en rympies hê wat betrekking het op die liggaam <p>Daaglikse nuus</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerders vertel nou wat hulle gesien, gehoor, geproe, geruik het, ens. • Hulle kan ook plaaslike nuus met mekaar bespreek • Onthou om die weerkaart en die verjaardagkaart te bespreek • Toiletroetine <p>Aktiwiteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vertel n storie of n rympie oor die liggaamsdele en die sintuie wat daarby pas, bv. Tong proe, hande 	<p>Liedjies, rympies, staaltjies, gediggies</p> <p>Weerkaart</p> <p>Verjaardagkaart</p>
--	--	---

<p>LEWENSORIËNTERING LU 1: Gesondheids bevordering</p> <p>ASS 1.5: Herken situasies wat mag lei tot seksuele mishandeling en noem 'n persoon by wie hulle dit kan aanmeld.</p> <p>LU 3: Persoonlike ontwikkeling</p> <p>ASS 3.1: Gee persoonlike besonderhede 3.2 : Beskryf eie liggaam 3.3 : Wys en identifiseer verskillende emosies insluitende respek vir lewende dinge.</p> <p>LU 4 : Fisiese ontwikkeling</p> <p>ASS. 4.2 Leerders gebruik 'n kombinasie van liggaamsdele: beweeg, roteer, ballanseer ens.</p>	<p>voel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Laat leerders sintuie noem wat in die storie voorkom • Leerlinge wys die liggaamsdeel en demonstreer die sintuie <p>Praat- en taalontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerders vertel en demonstreer wat elke liggaamsdeel kan doen • Onderwyser skryf woorde op die skryfbord – ruik, hoor, proe, voel ens. – leerders lees die woorde en gebruik dit in n toepaslike sin <p>Skrif</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerlinge skryf op blanko bladsye, trek lyne van bo tot onder en van links na regs <p>Aktiwiteit</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vinger oefeninge – lle strek vingers vanaf linkerkant na regterkant waar dit end in n vuisie – onderwysers moet eie oefeninge ook uitwerk • Lle gebruik prente – plaas in die regte volgorde van links na regs • Lle herhaal en dramatiseer aangeleerde rympies • Lees n gepaste storie vir lle – onthou DROP ALL AND READ elke dag 	<p>Liggaamsdele</p> <p>Skryfbord</p> <p>Blanko velle</p> <p>Prente</p> <p>Rympies</p> <p>Storieboek</p>
---	--	---

